

Skriflesing: Matteus 1 vers 1 - 17

Tema: Die familie van Christus is nie 'n 'grand' familie nie

Matteus was 'n tollenaar voordat Hy 'n dissipel van Jesus geword het. Tollenaars was glad nie gewild onder die mense van hul dag nie. Hulle het vir die vyand, die Romeine, belasting ingesamel en dikwels meer belasting gevra as wat hulle moes. Die oneerlike wins het hulle dan in hul eie sakke gesteek. Op 'n dag het Jesus vir Matteus raakgeloop en hom geroep om Hom te volg. Hierdie roeping van Jesus het Matteus se lewe onherroeplik verander. Hy skryf die eerste evangelie. Ons lees uit hierdie evangelie.

Die meeste van ons vermy waarskynlik geslagsregisters in die Bybel. Dit is vervelig en onverstaanbaar. Dit dien op die eerste oog af geen doel nie. Dit is verseker nie goeie preekmateriaal nie. Maar as ons dieper kyk, vind ons in Matteus 'n wonderlike troosboodskap van God. Uit Matteus 1 is dit duidelik dat God regeer, ook deur sy Seun. En Jesus Christus word gebore uit en vir gewone mense soos ons.

1. God regeer

Die einde van die jaar is tyd van voorraad opname. Baie mense voel dat hul lewens nutteloos is. Hulle voel dat hulle vasgeval is in 'n dodelike sleurgang waarin of waaruit geen vordering te bespeur is nie. Sels, of veral juis gelowiges, kan soms die gevoel kry. Ons sien geen plan in die loop van die geskiedenis nie.

Dan wil die geslagsregister vir ons kom leer dat die een geslag nie maar outomaties op die ander volg nie. Nee, hier is iets groter, 'n Goddelike plan aan die gang. Deur hoogte- en laagtepunte, gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid is God in beheer en met elkeen van ons op pad.

Ons lees in Matteus 1 vers 17: "Altesaam was daar dus veertien geslagte van Abraham af tot by Dawid, veertien van Dawid af tot by die Babiloniese ballingskap en veertien van die Babiloniese ballingskap af tot by Christus." Die eerste periode is die tyd van Abraham tot Dawid, 'n stygende lyn. Dan volg die tweede periode met 'n dalende lyn tot die Babiloniese ballingskap. Maar God bly getrou. Die ballingskap maak nie 'n einde aan die geslagsregister van Jesus nie. Die geslagsregister eindig met 'n stygende lyn tot by die geboorte van Jesus.

Deur al hierdie geslagte bly God betrokke. Hy bly sorg. Die geskiedenis is die geskiedenis van God se bemoeienis met Sy mense.

Vanuit die geslagsregister kan daar geen twyfel wees dat God op Sy aarde regeer nie. Hy is doelgerig met elkeen van ons en met elke geslag op pad. Nie net gedurende die hoogtepunte nie, maar ook in tye van hartseer, alleen-wees en wanneer ons soek na die sin van die lewe, is God met ons op pad.

Ek gaan netnou meer daarop uitbrei, maar nie een van Jesus se voorvaders of -moeders was volmaak nie. Hulle het almal die een of ander tyd geworstel met sonde. En selfs nie eens sonde kon God se plan laat ontspoor nie. Sy almag, genade en liefde is groter as ons sonde en ongehoorsaamheid.

Wanneer sonde maak dat ons ons Goddelike doel mis, gryp God in en voorkom dat Sy plan met ons ontspoor. Meer as dit: God maak, deur Jesus Christus, vir my en jou deel van Sy plan. Hy bevestig dit deurdat Jesus Christus gebore word uit en vir gewone mense soos ons.

2. Jesus Christus word gebore uit en vir gewone mense soos ons.

Ons sal lank kon gesels oor die name in Jesus se geslagsregister. Ek het eintlik min van die name herken. Ons ontmoet 42 geslagte en 46 mense wat oor 2000 jaar geleef het.

Ter wille van die tyd kom ons gaan kyk net na twee manne. Ek wil veral aandag gee aan die name van die vier vroue wat hier genoem word.

Die belangrikste en bekendste twee name in die geslagsregister is Abraham en Dawid. God het met Abraham 'n verbond gesluit. Abraham is deur Here geroep en vir jare was hy slegs gedeeltelik gehoorsaam. Hy trek in geloof soos God hom beveel, maar hy twyfel baie keer. Hy het

gelag oor die belofte van 'n groot nageslag. Meer as een maal het hy vir Sarai, sy mooi vrou, gesê dat sy moet sê dat sy sy suster is, want as die ander weet dat sy sy vrou is, gaan hulle hom doodmaak en haar laat leef. Soos die jare aanstap, probeer hy in kleingeloof self die beloftes van die Here waar maak. Op baie maniere probeer hy sy eie nageslag verseker.

Dawid was dié groot koning van Israel. Die Bybel praat van hom as 'n man na God se hart, maar hy was allermens 'n sondelose man. Sy sonde is nie beperk tot Batseba nie. Tog is dit die verhaal wat sy worstelstryd met sonde die beste teken. Ons weet dat Dawid vir Batseba begeer en by haar slaap. Toe sy swanger word, laat hy Urija, Batseba se man, vermoor. Hy trou met haar om sy owerspel te probeer verbloem. Uiteindelik word Salomo uit hierdie huwelik gebore. God bly, te midde van menslike swakheid, in beheer.

Hierdie sogenaamde geloofshelde was deel van Jesus se voorgeslag. Hulle was allermens volmaak en het ook maar, soos ek en jy, geworstel met twyfel en sonde.

As ons na die vroue gaan kyk, is dit belangrik dat ons in die eerste plek weet dat vroue in die tyd van die Ou Testament nie enige regte geniet het nie. Hulle moes huishou, kos maak en sorg vir 'n nageslag. Daarom is dit werkwaardig dat in Jesus se geslagsregister, naas Maria, die name van vier vroue genoem word.

Hierdie vroue was nie Jode nie. Hulle was almal heidene met die een of ander heidense verbintenis. Tamar, Ragab en Batseba was waarskynlik almal Kanaäniete. Batseba was die vrou van Urija, die Hetiet.

Rut was 'n Moabiet. Volgens die bepalings van Deuteronomium moes so iemand nie eens by die volk opgeneem word nie. Tog word sy as ideale vrou geteken. Sy werk hard. Sy sien om na haar skoonmoeder, Naomi. Sy sweer trou aan haar wanneer sy haar verbind om te gaan waar haar skoonmoeder gaan. Sy verbind haar om by haar skoonmoeder te bly. In Rut 1 vers 17 lê sy 'n eed voor die Here af dat net die dood hulle sal skei. Naomi se volk word Rut se volk en haar God word Rut se God. Rut is 'n vlytige vrou wat leiding neem as dinge nie vorder nie.

Twee van die vroue het hulle skuldig gemaak aan "ergerlike sondes". Veral Ragab en Tamar het twyfelagtige reputasies. Tamar het haar soos 'n straatvrou gedra. (Gen 38). Ragab was 'n prostituut toe sy die twee verkenners in haar huis in Jerigo weggesteek het.

Batseba het op die dak gebid. God gebruik vir elkeen van hulle op 'n unieke manier. Hulle name staan in die Here se geslagsregister. Dit beklemtoon maar net weer die groot genade van God.

Die familie van Christus is nie 'n "grand" familie nie. Die name wat in Jesus se geslagsregister opgeneem is, is nie besondere mense nie. Hulle is gewone mense met baie gebreke. Mense wat worstel met sonde en twyfel. Dit is deel van die boodskap van die geslagsregister. Jesus kom uit 'n familie soos ons s'n. Hy kom uit 'n geslag van gewone mense. Hy kom ter wille van gewone mense, mense soos ons. Hy kom vir twyfelaars en kleingelowiges. God sit sy arms om 'n wyer groep mense as wat ons soms wil hê. Hy omarm alle rasse, volke, nasies, alle kleure, geure en geslagte. Hy stuur sy Seun vir alle mense in sonde verval, ook vir tollenaars en prostitute. Dit gaan vir Hom oor mense. Hy is lief vir alle mense. Is dit waar vir ons as sy kerk? Ons mag nie laer trek net met ons mense nie. Sy liefde moet deur ons uitvloei na almal.

En Hy gebruik gewone mense soos ons. Ons dink baie keer dat ons nie goed genoeg is vir God nie. Weet dat God 'n plan het met jou. Stel jouself beskikbaar. Die Here wil en sal jou gebruik in die jaar wat voorlê. Hy verwag nie van ons volmaaktheid nie, maar dat ons sal strewe na volmaaktheid en dat ons gewillig sal wees om vir Sy diens toegerus te word

Afsluiting

Deur onverstaanbare gebeurtenisse en struikelblokke, positiewe en negatiewe gebeurtenisse, hoogte- en laagtepunte bly die Here in beheer. Hy regeer en Hy is lief vir alle mense. Vir die uitvoer van Sy plan kies en gebruik Hy mense wat ek en jy verseker nie sou kies nie - mense soos ons. Die Here is met gewone mense soos ek en jy op pad. Stel jouself beskikbaar. Hy wil jou gebruik.

Amen